## Gevorderde soektogte

Klik op **Advanced Search.**




- Spesifiseer *Search Scope* (Fakulteit waarbinne gesoek moet word)
- *Search type*—kies een van die volgende: *Full text, Abstract, Author, Title, Keyword, Issued, Type*

Om 'n tesis te soek, spesifiseer **Type Thesis** soos in voorbeeld bo.

Ander tipe materiaal (**Type**): animation, article, book, book chapter, dataset, learning object, image, map, musical score, plan, blueprint, presentation, recording, software, technical report, thesis, video, working paper, other

Let wel: AND, OR, NOT moet in hoofletters gebruik word vir die volgende soektogte.

| | |
|---|---|
| **AND** of **+** | Bv. cats AND dogs. Soek alle items wat beide terme bevat. |
| **OR** | Bv. cats OR dogs. Soek alle items met minstens een van die terme. |
| **NOT** of **-** | Bv. training NOT cats. Soek alle items wat oor "training" gaan, maar sluit die leer van katte uit. Ook: training –cats |
| " " | Soek 'n spesifieke titel of frase. |
| * | Bv. transport sal transportation, transporting, transports soek. |

## Meer hulp

Besoek ook ons wiki hulpbladsy vir demonstrasies en addisionele hulp:

**http://wiki.lib.sun.ac.za/index.php/SUNScholar**

Gebruik die vaste **URI/handle** wanneer verwysings gemaak word na **SUNScholar**, bv.
http://hdl.handle.net/10019.1/5771
**NIE** https://scholar.sun.ac.za/handle/10019.1/5771

## Kontak Ons

**SUNScholar –Kantoor**

JS Gericke Biblioteek
Boonste vloer
Kantoor 1071
Universiteit Stellenbosch

**E-pos:** scholar@sun.ac.za
**Tel.:** 00 27 21 808 9139/9046
**Skype:** usscholar

**SUNScholar:**
scholar.sun.ac.za
**Ure**
Ma – Vr : 08:00-16:30

**Besoek ons ook**

**Twitter**
#usscholar

**Facebook**
University of Stellenbosch Scholar

**SUNScholar Nuusblog**
http://blogs.sun.ac.za/sunscholar/

*Biblioteek- en Inligtingsdiens*

*Library and Information Service*

UNIVERSITEIT STELLENBOSCH UNIVERSITY

# SUNScholar



**URL: http://scholar.sun.ac.za**
**E-pos: scholar@sun.ac.za**

## Soektogte maklik gemaak

## Algemene wenke

**SUNScholar** is die volteks navorsingsbewaarplek van die Universiteit van Stellenbosch.

Wanneer jy 'n soektog doen, wees so **spesifiek** moontlik. Indien jy nie die relevante inligting opspoor nie, gebruik minder spesifieke soekterme.

Jy hoef **nie ingeteken** te wees of te registreer om 'n soektog te kan doen nie. Enigeen kan soek binne **SUNScholar**.

Die soekprogram sal ook soek binne die **volteks pdf-lêers** indien die pdf-lêers korrek geskep is en daar nie sekuriteite aan gekoppel is nie.

Plaas 'n titel of frase in **aanhalingstekens** om daardie spesifieke item op te spoor.

**Engelse lidwoorde** aan die begin van 'n titel word geignoreer deur die stelsel.

As jy selgs die **middelste of laaste deel van 'n titel** het, plaas in aanhalingstekens en doen steeds 'n basiese of titelsoektog.

Items op **SUNScholar** is ook toeganklik vanaf verskillende soekprogramme bv. **Google** en **GoogleScholar**.

Omdat navorsing internasionaal toeganklik moet wees, is die meeste inligting en soekterme **Engels**.

Om terug te keer na die tuisblad, klik op **SUNScholar Home** links bo-aan elke skerm:




## Maniere van soek

Daar is meer as een manier om te soek en by dieselfde item uit te kom:

**1. Soek binne SUNScholar (soek oor alle versamelings)(Gebruik soekopsies wat altyd aan regterkant van skerm vertoon)**

- Basiese soek *(Search SUNScholar)*
  *Sleutel enige soekterme in*
- Gevorderde soek *(Advanced Search)*
  *Gebruik AND, OR, NOT*
  *Spesifiseer binne watter versameling (fakulteit)*
- Luilees/snuffel volgens *Communities/Collections* d.i. Fakulteite/Departemente), datum gepubliseer, outeurs, titels, onderwerpe *(Browse)*




Kyk ook uit vir **broodkrummels** in die middel van skerms:




**Browse >> All of SUNScholar >> Communities & Collections**
Vertoon die Fakulteite, Departemente en versamelings in alfabetiese volgorde.

**Browse >> All of SUNScholar >> By Issue Date**
Soek volgens datum oorspronklik gepubliseer.




**Browse >> All of SUNScholar >> Authors**
Vertoon alle outeurs alfabeties, of sleutel outeur se van/eerste paar letters in. Gebruik ook broodkrummels.

**Browse >> All of SUNScholar >> Titles**
Vertoon alle titels alfabeties, of sleutel titel/eerste paar letters in. Gebruik ook broodkrummels.

**Browse >> All of SUNScholar >> Subject**
Vertoon alle onderwerpe alfabeties, of sleutel onderwerp/eerste paar letters in. Gebruik ook broodkrummels.

**2. Soek binne 'n spesifieke *Community/Collection* (d.i. Fakulteit/Departement)**

Gebruik die soekopsies aan die regterkant van die skerm, of in die middel van die skerm.




